LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-04-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 11 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **INSKRYWINGS VIR 2017:**

Daar is Maandag, 11 April 2016 om 18:00 'n BAIE BELANGRIKE OUERVERGADERING rakende die **INSKRYWINGS VIR GRAAD EEN 2017.** Ons nooi alle ouers en vriende wat betrokke is vir 2017, om dit asb as PRIORITEIT te hanteer.

2 **SNOEPIE**:

Die snoepie se spyskaart gaan 'n nuwe wending neem.
Daar sal elke Vrydag 'n spyskaart van die volgende week saam met u kind huistoe gaan.
Merk duidelik vir wie, in watter klas en op watter dag wil u kind kos bestel.
Stuur asb op 'n Maandag oggend dan die vorm en geldjie terug snoepwinkel toe.
Daar sal wel elke dag ekstra broodjies wees vir leerders wat nie bestel het nie.

Dinsdag: Pasteie @ R15;
Woensdag: Jumbo Hotdogs @ R15;
Donderdag: Maalvleis Kerrie en Rys @ R15
Vrydag: Pizzas @ R10

3 **KOOR**:

Senior koor oefen normale tye op Woensdag.

4 **SKAAK**:

- Woensdag is daar baie belangrike skaakuitspele vir die Seniors vanaf 14:30 tot 16:00 in Juf Monique se klas.
- Geen oefening vir die Juniors hierdie week nie.
- D7 Skole skaak liga vind reeds plaas op 23 April 2016 te Midvaal in Meyerton. Alle seniorspelers moet môre by die uitspele wees.

5 **RUGBY**:

Al die spanne oefen op hulle gereelde tye hierdie week.

Datums om te onthou:

- Sterkte aan al die spanne wat die naweek aan die Super 8 deelneem.
  Alle Super 8 gelde moet reeds inbetaal wees, môre op die laatste asb.
- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!

6 **SUPER 8 NAWEEK:**

Die busse vertrek Vrydagoggend reeds om 05:00.
Die spanne sal hulle programme ontvang.
Daar gaan geen formele onderrig Vrydag by die skool wees nie. Daar is wel toesig vir leerders.
Leerders wat nie teenwoordig is by die skool nie, word afwesig gemerk.

7 **PRYSUITDELING**:

Op Maandag, 11 April 2016 het ons tydens die saalopening ons eerste kwartaal se sport prysuitdeling. Alle atletiek- en skaak prestasies sal hulle toekennings ontvang. Alle sporttoekennings gaan kwartaalliks intern afgehandel word. Ouers word aan die einde van die jaar uitgenooi om die Akademiese Bekroningsfunksies by te woon.

8 **AANDAG GRAAD 1-2 OUERS:**

Die Graad 1-2 leerders gaan vanaf die 2de kwartaal om 13:00 verdaag a.g.v. die Tweede Addisionele Taal - Zulu - wat as vak aangebied word.

9 **LEGO KLUB:**

Mnr Karel Fourie bied op Vrydae 'n Lego klas aan tussen 2 en 3 in Mnr Cassie se klas (k. 23), vir leerders wat belangstel. Dit kos R300 per kwartaal of die ouers kan dit maandeliks ook betaal. Kontak hom vir enige navrae by 082 439 8144.

10 **VOORTREKKERS**:

Daar is vanmiddag gesamentlike kommando opening vir al die Penkoppe, Drawwertjies en Verkenners vanaf 17:00 tot 18:00 by die Gereformeerde Kerk. Kommandokamp is 15-17 April. Die Kampvorms en kampgelde moet vanmiddag ingehandig word.

11 **WILDSFEES**:

Ons jaarlikse Wildsfees vind plaas op Saterdag, 4 Junie 2016.
Kaartjies of tente (30 gaste) is beskikbaar by Chrisna.
Vol = R150 per kop; Hoërskool leerders = R80 en Laerskool leerders = R50

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF